NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Posbus 2368
Pretoria 0001
Swaanstraat 129
East Lynne
Pretoria 0186
www.nhka.org

23 April 2025

VAN: Kommissie van die Algemene Kerkvergadering

AAN: Dienaars van die Woord
Kerkraadsvergaderings
Ringskommissies

**OMSENDSKRYWE 16/2025**

Geagte broers en susters,

**OPROEP NA DIE 74STE ALGEMENE KERKVERGADERING**
**MAANDAG 6 OKTOBER TOT VRYDAG 10 OKTOBER 2025**

Volgens Ordinansie 4.4.4 (ii) word almal wat lede is van die 74ste Algemene Kerkvergadering van die NHKA, opgeroep om by die vergadering teenwoordig te wees vanaf *Maandag 6 Oktober tot Vrydag 10 Oktober 2025.* Die vergadering sal by die Hervormde Kerk se gemeente Midstream Familiekerk en die omliggende kerke (Chorgesstraat 6, Midstream Estates) plaasvind.

1. **Lede van die vergadering (Ordinansie 4.4.1)**

Die Algemene Kerkvergadering word saamgestel uit

(i) predikante wat per beroepsbrief werksaam is in 'n gemeentelike werkruimte
(ii) een kerkraadslid afgevaardig deur elke kerkraad.

Ooreenkomstig die rotasiebeginsel word dieselfde kerkraadslid verkieslik nie na meer as drie agtereenvolgende vergaderings afgevaardig nie, maar dit is nie 'n vereiste van die Kerkorde nie.

Gemeentes word aangemoedig om leiers op die kerkraad, en waar moontlik jongmense en vroue, as afgevaardigdes na die vergadering aan te wys. Gemeentes moet daarvan kennis neem dat hulle ingevolge ’n besluit van die 73ste AKV hierdie keer ’n ouderling óf diaken na die AKV kan afvaardig. Gemeentes moet toesien dat alle afgevaardigdes slimfone het, aangesien stemming by wyse van slimfone sal plaasvind.

2. **Geloofsbriewe en foto's van afgevaardigdes**

'n Geloofsbrief word hierby aangeheg wat elke gemeente so gou moontlik moet voltooi en aan die Sekretaris: Kommissie van die AKV moet stuur, maar ***nie later as 31 Julie 2025 nie***. ***Slegs geloofsbriewe wat deur sowel die voorsitter as die skriba onderteken is, sal aanvaar word.***

Die geloofsbriewe moet asseblief vergesel word van **onlangse foto's** (JPEG-formaat) van die afgevaardigdes. Die foto's is nodig om voor die vergadering 'n lys van al die afgevaardigdes tesame met hul foto's saam te stel. Elke foto moet duidelik benoem wees met die van, voorletters, amp en gemeente van elke afgevaardigde, byvoorbeeld

*Janse van Rensburg JH oudl Port Elizabeth.jpg*
*De Beer SM dr Philadelphia.jpg*
*Beyers J prof Centurion-Oos.jpg.*

Let asseblief daarop dat die afgevaardigdes se kontakbesonderhede (veral selfoonnommer) ook op die geloofsbrief ingevul moet word – die presensielyste en steminligting sal deur middel van WhatsApp tydens die vergadering aangestuur word.

3. **Sitting van sekundi**

Die 56ste Algemene Kerkvergadering het soos volg besluit oor die sitting van sekundi:

*Primus afgevaardigdes na 'n meerdere (bykomende) vergadering wat reeds op die vergadering sitting geneem het, kan in die loop van die vergadering vervang word deur hul sekundusse, met dien verstande dat die primus afgevaardigdes, nadat hul so vervang is, nie weer sitting in die vergadering kan neem nie.*

4. **Agenda**

Daar word gepoog om hierdie AKV koste-effektief en omgewingsvriendelik te maak, en daarom sal die agenda vir hierdie vergadering slegs in elektroniese formaat aan gemeentes en afgevaardigdes gestuur word. Daar word voorsiening gemaak vir genoeg verlengingskoorde en kragproppe sodat al die afgevaardigdes die verloop van die agenda op skootrekenaars of tablette kan volg. Daar sal ook 'n aantal TV-skerms in die saal wees, en die agendapunt wat behandel word, sal op minstens een daarvan vertoon word. Waar afgevaardigdes verkies om die agenda in gedrukte vorm te gebruik, moet hulle dit asseblief self laat druk en bind. Indien laasgenoemde nie moontlik is nie, kan bestellings geplaas word by karen@nhk.co.za teen R200.00 per eksemplaar.

Afgevaardigdes word versoek om self te verseker dat hulle tydens die vergadering internettoegang het. Daar sal slegs beperkte Wi-Fi-fasiliteite beskikbaar wees vir gebruik tydens die stemprosedures.

Agendas word voor die einde van Augustus per e-pos aan gemeenteskribas gestuur, en dit sal terselfdertyd ook op die webblad van die Kerk beskikbaar gestel word. Die skriba dra sorg dat agendas die afgevaardigdes so gou moontlik bereik.

Daar word beplan om die agenda in te rig aan die hand van die Kerkorde, terwyl die verband met die Kerk se viervoudige missie van viering, gemeenskap, getuienis en diens so ver moontlik gereflekteer sal word.

Die beskrywingspunte wat van ringsvergaderings en kerklike liggame ontvang is, word in die agenda opgeneem. Die AKV sal gesprek voer oor die belangrikste uitdagings en prioriteite vir die Kerk oor die volgende drie jaar. Die finansiële verslag van die Raad van Finansies word bespreek en die sinodale begroting word goedgekeur. Die finansiële implikasies van beskrywingspunte sal so ver moontlik deur die loop van die vergadering toegelig word sodat die vergadering kan verstaan wat die kosteimplikasies van hulle besluite vir sinodale offergawes is.

Ringsvergaderings se aandag word op die volgende gevestig met betrekking tot die indien van beskrywingspunte:

* Ringsvergaderings word versoek om slegs beskrywingspunte oor wesenlike, aktuele sake binne die werkopdrag van die AKV (vergelyk Ordinansie 4.4.3) in te dien.

* Ringsvergaderings hóéf nie 'n beskrywingspunt in te dien as daar nie ‘n brandende saak is wat hulle aan die AKV wil voorhou nie.

* 'n Beskrywingspunt kan nie 'n vraag bevat nie.

* Vorige besluite van die Kerk kan nie herhaal word nie.

* Daar mag nie gevra word vir die herroeping van 'n vorige beskrywingspunt nie.

5. **Registrasie en verloop van vergadering**

Daar sal op Sondag 5 Oktober 2025 vanaf 16:00 tot 19:00 ‘n informele kuiergeleentheid plaasvind vir diegene wat reeds in Pretoria is, en afgevaardigdes kan ook tydens dié geleentheid registreer. Die registrasie gaan voort op Maandag 6 Oktober 2025 vanaf 09:00 tot 12:00. Persone wat nie teen 12:00 geregistreer het nie, sal nie as stemgeregtigde afgevaardigdes kan sitting neem nie, en sal die vergadering slegs as waarnemers kan bywoon. Daar word gevolglik ’n ernstige beroep op afgevaardigdes gedoen om vroeg te registreer en dit nie na ’n paar minute voor 12:00 uit te stel nie, wat ’n onhanteerbare opeenhoping kan veroorsaak.

Daar sal weer foto's van die afgevaardigdes geneem word, en elke predikant, emeritus en kerkraadslid teenwoordig word versoek om 'n foto te laat neem sodat die Kerk goeie, onlangse foto's beskikbaar het vir gebruik in die kerklike publikasies.

Die registrasiefooi is R950.00 per afgevaardigde. Dit is R90.00 minder as met die 73ste AKV drie jaar gelede. Gemeentes betaal hierdie registrasiefooi vir hulle diensdoende predikant(e) én vir hulle afgevaardigde.

**Elke gemeente moet vir haar predikant en kerkraadslid betaal, selfs al kan die predikant of kerkraadslid nie die AKV bywoon nie**. Daar word reeds vroeg in die aanloop tot 'n Algemene Kerkvergadering 'n begroting opgestel. Die aantal predikante en kerkraadslede aan gemeentes gekoppel vorm die basis vir die berekening van die uiteindelike koste per afgevaardigde. Al die gemeentes van die Kerk is kollektief verantwoordelik vir sinodale kostes, insluitend die kostes verbonde aan die driejaarlikse AKV.

Die registrasiefooi word in die volgende rekening betaal:

| | |
|---|---|
| **Instansie**: | ABSA |
| **Rekeningnaam**: | Raad van Finansies |
| **Rekeningnommer**: | 020-000-287 |
| **Takkode**: | 632-005 |
| **Verwysing**: | 16AKVV + Van + Voorletters OF<br>16AKVV + Gemeentenaam, byvoorbeeld Klerksdorp |

***Die betalingsbewys moet asseblief na krediteure@nhk.co.za gestuur word.***

Die vergadering sal die hele week om tafels vergader.  Die sittingstye word soos volg ingerig:

**Maandag 6 Oktober 2025:**

* 14:00 tot 15:00 (openingserediens)
* 15:30 tot 18:00 (reglement van orde, administratiewe sake, personalia en verkiesing van die predikantslede van die Kommissie van die AKV)

**Dinsdag 7 Oktober tot Vrydag 10 Oktober 2025:**

* 08:30 tot 10:30
* 11:00 tot 12:30
* 12:30 tot 13:00 (oorhandiging van toekennings)
* 14:00 tot 16:00
* 16:30 tot 18:00

Daar sal gepoog word om die vergadering laatstens op Vrydag 10 Oktober 2025 om 16:00 af te sluit.

6. **Verblyfreëlings**

Die gemeenteskribas reël self die verblyf vir die gemeente se afgevaardigdes.  Die volgende inligting oor verblyf word deurgegee:

| NAAM | KONTAKBESONDERHEDE | AFSTAND |
|---|---|---|
| Candle Woods Guesthouse | 074 587 4178 | 5 km |
| Irene Country Lodge | 012 667 6464 | 9 km |
| Road Lodge Centurion | 012 641 0400 | 9 km |
| River Meadow Manor | 012 667 9660 | 10 km |
| ANEW | 012 656 2721 | 12 km |
| Regal Inn | 010 0060 041 | 13 km |

7. **Etes en verversings**

Daar sal geen spesiale verversings aangebied word tydens teetye nie, maar daar sal wel deurentyd koffiestasies met koffie en beskuit beskikbaar wees.

Die volgende twee opsies vir middagete is beskikbaar:

1. Afgevaardigdes kan middagetes by die Midstream Familiekerk bespreek en koop – bespreking en betaling slegs ***vanaf 1 Junie tot 1 September 2025***.  Kontak asseblief vir mev Juán-Merié Kenmuir op 067 084 8649 of skandeer die onderstaande QR-kode:

2. Afgevaardigdes kan by enige van die restaurante in Midstream Estate gaan eet. Die gemeente is besig om met restaurante te beding vir koeponbewyse sodat u afslag kan kry op middagetes wat u daar koop. Meer besonderhede sal nader aan die AKV beskikbaar wees.

Kerkrade word versoek om asseblief hierdie skrywe onverwyld te behandel, die afgevaardigdes aan te wys en die geloofsbriewe ***te voltooi en aan te stuur***. Ons bedank u by voorbaat vir u flink samewerking.

Beste wense,



**Dr WC van Wyk**
***Sekretaris: Kommissie van die Algemene Kerkvergadering***
***Namens Skriba: Ds JF van der Merwe***

082 339 2332
wouter@nhk.co.za